e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

17 Februarie 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 3

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Huisbesoek se ander kant

'n Mens hoor dikwels huisbesoek is onnodig en onprakties. Lidmate is moeg en wil nie deur die dominee gepla word nie. Die pas waarteen mense werk en die onveilige omstandighede waarin hulle leef, maak dat daar nie tyd is nie. En dominees is self ook besig met baie dinge.

Tog is huisbesoek lekker en 'n voorreg. Wie anders kan by honderde huise aanklop en vriendelik ontvang word? Huisbesoek is geloofsversterking, troos en bemoediging vir die lidmate, maar dalk selfs meer vir die dominee. Hy praat op die preekstoel, maar hier moet hy eers luister.

Huisbesoek bring vrymoedigheid om deur ou, ou vrae saam met die dominee te worstel. Dis die plek waar oor strydvrae geredeneer word soos broers. Dis die plek waar soms saam gelag word en waar jy soms jou lag tot by die huis moet bêre.

Die voordeel van huisbesoek is dat die dominee elke lidmaat ken – hul seer, hul blydskap en hul sonde waarvan hulle jou vertel (en van dié wat hulle dink jy nie van weet nie). Dis 'n voorreg om deel te wees van lidmate se lewens, van die vreugdes en van die swaar.

Huisbesoek is om moeg by die huis te kom ná 'n klomp gesprekke, maar te weet by elke huis het die Woord aan die woord gekom en lidmate kon praat oor geloofsdinge wat hulle na aan die hart lê. Dit is lekker as 'n lidmaat sê: *Ek het die gedeelte al baie gelees, maar nóú verstaan ek dit eers.* En 'n mens voel klein en onbekwaam as 'n bejaarde met baie geloofskennis en ervaring wil hoor wat die dóminee sê.

Soms is daar gaste by lidmate en dan neem hulle die gesprek oor met hul vrae; dikwels omdat hulle nooit anders die geleentheid kry om met 'n dominee te gesels nie en honger is vir die evangelie.

Wanneer anders as tydens huisbesoek kan jy regtig hóór hoe lidmate dink, leef en voel? Ek weet nie hoe 'n mens kan preek vir mense in wie se huise jy nooit kom nie... Baie kere het jy nie raad nie en woorde ontbreek, ander kere kry jy die regte woord op die regte tyd gesê.

Ek het een aand by Jan, 'n stil ou wat nie in die kerk gekom het nie en minderwaardig gevoel het, besoek afgelê. Ons praat toe daardie aand oor die duiwel. Hý begin praat... en ék het stil geword oor die insig wat dié ongeskoolde, onbelese man oor die bose én oor sy Verlosser gehad het.

Ek onthou ook 'n dag toe 'n dogtertjie, skaars twee bakstene en 'n *Liedboek* hoog, my aan my broekspyp vat en vra: *Oom, wat is knade (genade)?* Sy hoor haar pa dit bid en het vir hom gevra, maar hy het gesê sy moet die dominee vra. Ons weet almal wat genade is, maar probeer dít vir 'n weetgierige amper driejarige verduidelik...

Ek lê besoek af by 'n bejaarde lidmaat op die plaas. Sy onverskillige seun het huis toe gekom om te kom doodgaan aan gevorderde maagkanker. Die seun praat rustig oor sy dood wat kom en dat hy maar hel toe sal gaan omdat hy sleg gelewe het. Ek verduidelik van die evangelie en hy besef God is vir hóm ook lief. Ek sien toe in sy oë hoe die Gees dit vir hom sin laat maak. Christus het juis vir hóm ook gesterf. Kan daar enigiets meer wonderlik wees?

Ek en die ouderling doen huisbesoek by nuwe lidmate. Dis Adventstyd en ons praat oor die geboorte van Jesus. Toe ons klaar is en opstaan om te loop, kom die seuntjie (graad 1) en vra saggies: *Dominee, wat is 'n Verlosser?* Tóé begin die eintlike huisbesoek...

Ek is dankbaar vir die voorreg om te mág huisbesoek doen. Die lang ure, die baie kilometers en die laat aande is meer as die moeite werd wanneer die evangelie gehóór word.

Ds Thomas Joubert
Swellendam/Bredasdorp-afdeling

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Eddie Eckard

Beroep ontvang

- **Ds Eddie Eckard** van Koster na Messina/Van Warmelo

Vakante standplase

- **Gemeente Eendracht**, in die ring van Trichardtsfontein, beskik oor 'n vakante **volsorgstandplaas**. Die gemeente bestaan uit 266 belydende lidmate, met baie jongmense. Eendracht is 'n tipiese plattelandse gemeente in 'n sterk boerderygemeenskap. Die dorp is 110 km vanaf Pretoria en 25 km vanaf Secunda. Goeie skole is gerieflik beskikbaar. Predikante wat sou belangstel om 'n beroep na die gemeente te aanvaar, kan 'n CV stuur na die konsulent, dr Robert Jones, by **rjjones@nhk.co.za** (083 300 1764), die voorsitter van die ouderlingevergadering, oudl Johan Barnard, by **barnardj@secunda.co.za** (082 945 7563), of die skriba, Annatjie van Vuuren, by **annatjie@biowaymulti.co.za** (083 407 6474). Die sperdatum is **28 Februarie 2011**. Die kerkraad kan kandidate van hul keuse nooi vir 'n onderhoud en preekgeleentheid, en behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

- **Gemeente Secunda** beskik oor 'n vakante **volsorgstandplaas**. Dit is 'n tweede standplaas; die ander volsorgstandplaas is tans gevul. Secunda is 'n groot plattelandse dorp wat rondom die SASOL-aanleg gesentreer is. Die gemeente bestaan uit 1 127 lidmate, waarvan 890 belydende lidmate is. 39% is jonger as 30 jaar; 26% 30 tot 50 jaar; 27% 50 tot 65 jaar; 7% ouer as 65. Die gemeente beleef tans sterk groei in die eerste twee groeperings. Die bedieningsplan fokus op die bediening van kinders en jongmense. Voorkeur en vaardighede in hierdie bedieningsterrein sal tot voordeel van kandidate wees. Aansoeke moet die gemeente **voor 4 Maart 2011** bereik. Predikante en proponente kan 'n CV aan die skriba stuur by **secunda@nhk.co.za**. Die kerkraad sal die kandidate van hul keuse nooi vir 'n preekgeleentheid en onderhoud, en behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Mnr Bouwer van Rooyen

- Die Kerk se voorbidding word gevra vir die **Van Rooyen-gesin van Bloemfontein**. Hulle was gedurende Desember 2010 op pad na Port Elizabeth in 'n ernstige motorongeluk betrokke. Albert, 'n studentelidmaat (19 jaar), is op die toneel oorlede. Sy suster, Mariëtte, is verlam, en haar man, Dawie Viljoen, het ernstige beserings opgedoen. Mariëtte is tans in die spinale eenheid van Muelmed-hospitaal in Pretoria vir rehabilitasie, terwyl Dawie in die Pasteur-hospitaal in Bloemfontein aansterk. Mariëtte en Dawie is 16 maande gelede getroud. Bouwer en Marilise van Rooyen het nog twee kinders wat ook op die ongelukstoneel was: Jacobus, 'n mediese dokter van Graaff-Reinet, en Johann, 'n finansiële bestuurder in Bloemfontein. Bouwer is voorsitter van die **Suider-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging** (SAKOV), en sy vrou Marilise is orrelis van Gemeente Bloemfontein. Die gesin is landwyd bekend vir hulle reuse-aandeel op die gebied van Kerkmusiek. (*Konteks* het in die November/Desember 2010-uitgawe oor Bouwer berig.)

- **Die volgende predikante verjaar van 17 tot 25 Februarie**, en word hartlik geluk gewens.

  - Donderdag 17 Februarie: Ds Danie Struwig (Delmas)
  - Vrydag 18 Februarie: Ds Peet Esterhuizen (Wonderboom) en dr Piet van Staden (Stellenbosch/Worcester)
  - Saterdag 19 Februarie: Di Petri de Kock (Pierneef), Herman Gothan (Heilbron) en PM Smith (emeritus)
  - Sondag 20 Februarie: Ds Nic Maré (siekte-emeritaat).
  - Woensdag 23 Februarie: Dr Estelle Dannhauser (Springs) en prof Wouter van Wyk (emeritus)
  - Donderdag 24 Februarie: Ds Jan Prinsloo (emeritus) en dr André Ungerer (Klerksdorp-Doringkruin)
  - Vrydag 25 Februarie: Ds Hennie Aucamp (emeritus)

Komitee vir Bejaardesorg

- Daar bestaan diep kommer oor die groot aantal **senior lidmate** in die Hervormde Kerk vir wie daar nie plek in die inrigtings van die Kerk is nie. In 2010 is 'n vraelys uitgestuur om gemeentes bewus te maak van die toenemende nood en behoeftes van bejaardes in ons Kerk en die gemeenskap. Die projek, bekend as **Bejaardesorg 2010+**, het die data wat so versamel is in bruikbare statistieke omskep waaruit sekere afleidings gemaak kan word. Tans word die inligting verfyn sodat dit aan gemeentes beskikbaar gestel kan word. Die doelwit is om die nood op gemeentelike vlak te identifiseer en leiding te gee oor hoe die nood hanteer kan word. Op die foto is die pasverkose **Komitee vir Bejaardesorg**. Johan van Huyssteen en Marita Fourie was afwesig toe die foto geneem is.

- Aansoeke word ingewag vir die pos van **Sekretaris van die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering** (ADV). Die persoon is gesetel by die Sinodale Kantoor van die Hervormde Kerk in Pretoria. Die suksesvolle kandidaat sal oor die volgende vaardighede beskik:

  - Meelewende lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
  - Teologiese begronding of agtergrond van die etos van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
  - Ongeveer 5 jaar werkservaring.
  - Geldige rybewys.
  - Moet bereid wees om soms weg te werk, byvoorbeeld vir seminare, kongresse en vergaderings.
  - Moet ten volle tweetalig wees.
  - Moet met regeringsinstansies kan onderhandel.
  - Rekenaarvaardigheid in Microsoft Office.
  - Bewese bestuursvaardighede.

  'n Mededingende salarispakket word aangebied.

  Stuur 'n verkorte CV **voor 28 Februarie** aan Piet Beukes by **piet@nhk.co.za** of Susan Moore by **mannekrag@nhk.co.za**, of faks dit na 012 322 7909.

- Die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se **Toerustingskursus vir Ouderlinge** wat in 2010 volledig hersien is, is steeds beskikbaar. Dit kan elektronies aangevra word van mev Betsie Brits by **betsie.brits@up.ac.za**, of bestel word van mev Susann van Zyl by **sentik@nhk.co.za**, 012 322 8885 x291 of 086 633 4054 (faks). Die koste is R25 per hardekopie eksemplaar (posgeld uitgesluit).

- Gemeentes word vriendelik versoek om enige **trustgelde vir Bybelverspreiding** wat tans in die gemeenterekening lê, **voor die einde van die huidige finansiële jaar** van die Kerk (28 Februarie 2011) aan die Bybelgenootskap oor te betaal en dit nie te laat oorstaan tot Oktober nie. Dit sal die Bybelgenootskap baie help om

’n gesonde kontantvloei te handhaaf. Gemeentes wat dit nog nie gedoen het nie, word ook vriendelik versoek om die **deurkollektes van Hervormingsondag** (31 Oktober 2010) teen 28 Februarie oor te betaal. Alle gemeentes word ook daaraan herinner dat die **bydraemikpunt vir 2011** R35 per belydende lidmaat is.

- Die **Eendrachtkring se vrugtefees** is op **Donderdag 24 Februarie** om 09:30 vir 10:00 in die kerksaal van Gemeente Pretoria-Oos, Delyweg 100. Persone wat nog nie bespreek het nie, moet asseblief **teen 18 Februarie** met Hendrina Swart by 012 654 9766 of 083 722 3653, of Johanna Steyn by 012 348 2932 of 082 749 3071, in verbinding tree.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan nog **tot April** vanjaar by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en ’n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **studenteblyplek in Eloffsdal**, Pretoria. Kamers met gesamentlike badkamer teen R900 per persoon wat deel, R1 500 per enkeling. Kamers met en suite badkamer en stoorkamer teen R1 200 per persoon wat deel, R2 000 per enkeling. Water en ligte en veilige parkering is ingesluit. Dit is op ’n busroete, 5 km vanaf Kerkplein, 2 km van die Eugene Marais-hospitaal, naby die universiteite. Kontak Johan by 082 212 2137.

- In die voetspore van die eerste Christene: **Toer na Egipte en Turkye** van **18 April tot 2 Mei 2011** onder leiding van **ds Martin Slabbert**. Besoek die webwerf by **www.indievoetspore.co.za**, of kontak ds Slabbert by 082 655 4787.

- **Toer na Griekeland (hoofland) en Turkye** en geniet ’n 3-dae-bootvaart na die Griekse eilande. Van **28 Junie tot 12 Julie 2011**. ’n Demo-film sal van die reis gemaak word vir ’n moontlike televisiereeks. Kontak **ds Larry van der Walt** by 082 666 0261 of **larry@newtestament.co.za**. Besprekings moet verkieslik voor die einde van Februarie gedoen word.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- Op **Sondag 13 Maart** bring **ds Jan-Harm Barkhuizen** van die Werkgroep vir Gestremdes ’n besoek aan **Gemeente Sasolburg**. ’n **Erediens in gebaretaal** word aangebied met visuele hulpmiddels (gebare en ’n DVD van die Liedboek). Kontak Bernette van Straaten by 016 976 4903 of 082 445 6732. Die erediens begin om 09:00. Ds Barkhuizen is predikant in Gemeente Weskus, en kan gekontak word by 073 217 6929 of **harm@nhk.co.za**.

- Die naweek van **15 tot 17 April** vier **Gemeente Volksrust** sy **150ste bestaansjaar**. **Vrydag 15 April:** Feesbasaar. **Saterdag 16 April:** Voorbereidingsdiens en formele ete. **Sondag 17 April:** Nagmaaldiens, Dankseggingsdiens en vingerete. Oudlidmate en vorige ampsdraers kan dokumente, foto’s en staaltjies aan die gemeente stuur. Kontak **ds Paul Buitendag** by **buitendagp@telkomsa.net** of 082 853 8900.

Konserte

- **Saterdag 19 Februarie: Gemeente Bothaville Lapafees**
  Met Rudi en Corlea
  Kontak Doutie by 056 515 2673

- **Saterdag 12 Maart om 19:00: Gemeente Johannesburg-Wes Orreluitvoering**
  Op 3-manuaal Ganser-orrel met 1 400 sprekende pype
  Orrelis Marten van Wyk en soliste

R50 vir volwassenes, kinders onder 10 gratis
Kerkgebou naby Westdene-dam, in Tenbystraat, agter stadion van UJ
Verversings na die uitvoering
Skakel Paul Bester by 083 241 5002

- **Saterdag 19 Maart om 13:00: Gemeente Noordrand**
  Gasspreker en kunstenaar Susan Coetzer en Philip Moolman
  Tema: *Soetgoed vir die gesin*
  Kaartjies R70 per persoon (sluit verversings in)
  Kontak Anette Coetzee van die NHSV by 084 500 3989

- **Woensdag 30 Maart om 19:00: Gemeente Klerksdorp**
  Luister na Juanita du Plessis in die Ouditorium
  Kaartjies R90 per persoon
  Bespreek by Music Addiction in Flamwood Walk (018 464 2280)

- **Vrydag 16 September: Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies**
  Kurt Darren
  Vanaf 19:00 by die rugbyveld van Wesvalia-skool
  Eerste 250 kaartjies naby verhoog R100 elk; res R80 elk
  Kaartjies by Maranata-grasdakke, Vleistraat 50
  Kontak 018 468 3769 of 083 449 9907, of George Foley by 083 750 0699

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 19 Maart: Gemeente Mafeking Gholfdag**
  Leopard Park-gholfklub
  Neem deel en wen ’n prys
  Borge welkom
  Kontak Pokkels Ackerman by 082 555 0683 of **sheriffmolopo@hotmail.com**

- **Saterdag 28 Mei: Gemeente Derdepoort Gholfdag**
  Mooipoort
  American Scramble 4 x 2-bal
  Spelers en borge welkom
  Kry meer inligting by **mej@mweb.co.za**

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Wen ’n boerdery**
  Gemeentes koop pakket(te) teen R5 000 elk (50 boekies met 11 kaartjies)
  Verkoop kaartjies teen R100 stuk en samel R50 000 in
  Groot pryse te wen
  Sluitingsdatum **4 April**, trekking **8 Mei**
  Kontak Barry of Martie Pretorius by 018 431 0331 of 082 572 2124
  of Piet of Babsie Ferreira by 018 431 0685
  of ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

- **Gemeente Rustenburg: Wynveiling Vrydag 4 Maart om 18:30**
  Kaartjies beskikbaar teen R100 per persoon of R1 000 per tafel, verversings ingesluit
  Kontak Mari Wieneke gedurende die oggend by 084 208 7445

Basaars en markte

- **Saterdag 30 April: Gemeente Greylingstad: Basaar**
  Klein plaasgemeenskap met vleis as groot aantrekkingskrag
  Kontak Casper Pieters by 082 493 9872

- **Saterdag 7 Mei: Gemeente Delareyville: Genl Delareyfees**
  Goewermentstraat 31, Delareyville
  Met Bobby van Jaarsveld
  Toegang gratis
  Kompetisie R100 per kaartjie
  Wen bul en 10 topverse; of 5 topverse; of bootvaart na Portugese Eilande
  Kontak Ben van der Ryst by 082 372 7035 of Attie Hattingh by 082 770 6862

- **Saterdag 28 Mei vanaf 08:00: Gemeente Schoemansdal: Bosveldbasaar**
  Hoofkunstenaars Jay van Eden en Steve Hofmeyr
  Gratis vertoning, meer as genoeg kos
  Kontak 012 253 0146 (08:00 tot13:00) of 083 536 1430

- **Saterdag 4 Junie vanaf 09:00: Gemeente Kathu: Kameeldoring-karnaval**
  Met Kurt Darren
  Kompetisie R100 per kaartjie
  1ste prys: 7-voet Venter-waentjie
  2de prys: Dubbeldeur yskas-vrieskas-kombinasie
  3de prys: Patio-gasbraaier
  4de prys: Sony Playstation 3
  5de prys: Potspeltafel
  Kontak Rita Kern by 083 328 4465, Buna Schmulling by 082 463 8367
  of ds Joseph Steÿn by 084 502 4829

ANDER NUUS

Dr Christo Pretorius

- Die **Kommissie van die AKV** hou op **4 en 5 Maart** 'n werkswinkel. Beplanning sal by die geleentheid gedoen word vir die werk wat die Kommissie in die volgende drie jaar wil doen, en bepaalde doelwitte sal geïdentifiseer word. **Prof Theuns Dreyer en dr Daan van Wyk (sr)**, voormalige voorsitters van die Kommissie, word by die werkswinkel betrek.

- Die **Raad vir SENTIK** het tydens sy vergadering op Maandag 14 Februarie nuut gekonstitueer. **Dr Christo Pretorius** is as voorsitter verkies, in die plek van ds Kálmán Papp. Ds Papp bly lid van die Raad in sy hoedanigheid as redakteur van die *Almanak*, en is ook as visevoorsitter verkies.

- **Die Ondersteuningsraad** beskik tans oor die volgende **vakante poste**:
  - Programbestuurder (Toesighouer) Ekurhuleni-streek: Minstens 6 jaar ervaring as Maatskaplike Werker
  - Maatskaplike Werkers: Pretoria en Witbank
  - Sekretariële personeel: Kempton Park (deeltyds); Pretoria (voldag)

  CV's kan gestuur word na **oraad@nhk.co.za** of per faks na 012 322 5787.
  Sluitingsdatum: 28 Februarie 2011

- Lidmate wat hulle permanent of vir korter periodes êrens in Afrika vestig, groepeer hulself soms en probeer om 'n bediening te struktureer. Die **Kommissie vir Buitelandse Bediening** van die NG Kerk, Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerke ontvang gereeld versoeke vir hulp van dié *gemeentetjies*. Lidmate wat by 'n bedieningspunt in die buiteland wil inskakel, vra ook kontakinligting. Gemeentes en lidmate word versoek om die volgende inligting aan die Kommissie vir Buitelandse Bediening te voorsien: die naam van die plaaslike NG gemeente en die kontakpersoon; kontakinligting van die persoon/groep in 'n bepaalde Afrikaland; inligting rondom die betrokkenheid (byvoorbeeld geldelik, stuur van predikante, projekte, ensovoorts). Gee asseblief hierdie inligting **teen Maandag 21 Februarie** deur aan Malinda Lazenby by **malindal@ngkerk.org.za** met die oog op die vergadering van die Kommissie vir Buitelandse Bediening op 25 Februarie. Vir meer inligting, skakel met Gustav Claassen by **gustavcl@mweb.co.za** of 082

856 1943, of Hannes Knoetze by **hddth@vodamail.co.za** of 082 873 9122.

- Die **volgende vergaderings** vind tot 25 Februarie plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Donderdag 17 Februarie: Raad vir Apostolaat
  - Vrydag 18 Februarie: Moderamen
  - Saterdag 19 Februarie: Kommissie van die ADV; NHSV Hoofbestuur
  - Maandag 21 Februarie: Komitee vir Huweliks- en Ander Sinvolle Verhoudingsmoontlikhede
  - Donderdag 24 Februarie: Werkswinkel van die Ondersteuningsraad; Bestuursvergadering van Ons Tuis
  - Vrydag 25 Februarie: Raad van Finansies

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

ADVERTENSIES

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.





LEKKERLAG-LEESSTOF
Die boekie *Twakstories*, met 28 lekkerlagstories uit die Noordweste, is opgevolg met die boekie *Speentyd tot Leentyd*
Die eerste 26 speentydstories is ook twakpratery, maar relevante twak
Die laaste 7 Leentyd-stories gaan oor ouer mense, effe ernstiger
Beide boekies is in relatief groot skrif gedruk en deur Fred Mouton van *Die Burger* geïllustreer
Bestel enige boekie teen R70, of beide teen R120, posgeld ingesluit
Reël dit per e-pos met Nic Combrink by **njjc@sun.ac.za**

FAMILIEVERBLYF NABY HOSPITALE IN RANDBURG EN WES-RAND
Verblyf (bed-en-ontbyt) asook vervoer na en van verskeie hospitale (Olivedale-, Sandton-, Flora- en Krugersdorp-klinieke)
Vir meer inligting, skakel Gert Booyse by 079 876 6888 of 011 768 2375

SELFSORG-GASTEHUIS, PRINGLEBAAI, WES-KAAP TE HUUR
Slaap 4 mense
Kom rus in kleindorpie-atmosfeer, loopafstand van strand
R500 per dag
Afslag kan gereël word as u vir meer as 3 nagte bespreek
Spesiale aanbod vir Paasnaweek
Kontak Bettie Richter by 082 499 0211
of stuur e-pos na **richterpringlebay@gmail.com**

AGTERBLAD

Nuwe Bybelstudiegids beskikbaar



'n Nuwe Bybelstudiegids het pas by SENTIK verskyn. Dit is *Bewaar wat aan jou toevertrou is. 'n Bybelstudie oor die briewe aan Timoteus en Titus* van dr Gerhard Nel.

In die vroegste Christelike kerk is jong Christenleiers dikwels aan die diepkant in gemeentes ingegooi. Vandaar die sogenaamde *pastorale briewe*, wat jong Christenleiers raad gee. Drie van hierdie briewe (1 en 2 Timoteus en Titus) is in die Nuwe Testament opgeneem. Daarin gee 'n ervare Christenleier raad aan individuele leiersfigure wat bepaalde amptelike verantwoordelikhede in gemeentes gehad het. Die doel was die oordra van inligting en begeleiding op 'n vertroulike en persoonlike vlak, amper soos 'n pa sy kind sal leer.

Met hierdie Bybelstudie word drie dinge gedoen. In die eerste plek gee 'n karakter in die lewe van Timoteus en Titus 'n gewone lidmaat se belewenis van die sake wat in die pastorale briewe behandel word. Tweedens word 'n kort opsomming gegee van die hoofsake waaroor die briewe handel. Derdens word die leser met vrae persoonlik by die sake betrek. Bybelstudie het eers sin as 'n mens die inhoud daarvan op jou lewe van toepassing maak.

Die outeur, dr Gerhard Nel, is predikant in Gemeente Hartebeeshoek in Pretoria.

***** Bestel die nuwe Bybelstudiegids van mev Susann van Zyl by die SENTIK-boekwinkel, tel 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of sentik@nhk.co.za. Die boekie kos R30 (posgeld uitgesluit).**

Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 241 kilogrepe groot is. Vind die drukkersvriendelike weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx